
# TEMMERS VAN DIE WOESTYN

## NO. 38
Duiwels van die Duine




**braam le roux**

Bert sien of hoor niks nie. Hy is net bewus van die grys gestalte van sy vyand met wie hy al die afgelope ure in sy gedagtes spook.

Bert land tussen die klippe met die swaar Faas bo—op hom. Faas gryp na sy keel, maar Bert ruk sy voete onder die rower in en dan stamp hy hard en vinnig. Sy skoene sink diep in Faas se maag weg en die volgende oomblik skop hy hom dat hy daar agteroor val en op sy sitvlak tot teenaan 'n rots skuif.

In 'n oogwenk is Bert op en storm nader. Hermie kan sy oe byne nie glo nie. Hier veg twee man voor hom. Die een is kort maar stewig en vas gebou. Faas spring op en storm blindelings op Bert af.

Stofomslag: Chris du Plooy



## INHOUD


| Hoofstuk | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | ,,'n Verraaier in ons Midde'' | 3 |
| 2. | Die Nederlaag | 20 |
| 3. | Sidder, Berge! | 35 |
| 4. | Koets van die Dood | 50 |
| 5. | 'n Temmer Sterf | 65 |
| 6. | Vaal Duiwels | 80 |


## Hoofstuk 1

### "'N VERRAAIER IN ONS MIDDE"

Die ene bedrywigheid heers in die hoofstraat wat voor dr. Bert Larsen se spreekkamers verbyloop. Dit is maar 'n stowwerige straatjie, maar spaiders met spoggerige perde dreun daarin af; swaai gelaaide ossewaens sleep traag tussen die geboue deur.

By die westelike dorpshek dreun 'n poskoets met vier beswete perde in die straat af. Dit jaag windmakerig by die hotel verby en kom voor die poskantoor tot stilstand. Dit is nou stemme wat skree; klonkies wat moeë osse aandryf en Solly Rex, die jong Jood, wat luidkeels aankondig dat die mense binne 'n paar minute die eerste besending rys en suiker by hom kan kom koop. Weldra stroom mense oor die straat in die rigting van Solly se negosiewinkel.

Bert Larsen staan diep ingedagte na die bydrywighede daarbuite en kyk. Hy staan teenaan die toe venster met 'n koppie koffie in sy hande waaraan hy stadig en nadenkend drink. Die stof walm hier teen die venster op.

Langs dr. Bert Larsen staan Hermie Swiegers breed en net so ingedagte soos sy doktersmaat wat slegs 'n paar jaar ouer as hy is.

"Dit lyk asof Daan Swiegers se droom vinnig verwenslik word," praat Bert eerste en kyk met wakker oë na die jonger man hier langs hom.

"Ja," kom dit peinsend van Hermie wat sy koppie op die lessenaar agter hom neersit, "ja, as jy my wil vra, is sy droom klaar verwenslik. Ek hoop nie Soethunker kry meer geboue en meer mense nie. Ek hou van stilte, en dit is nou nie meer stil hier op Soethunker nie."

"Aha, maar dit is vooruitgang, Hermie, dit is vooruitgang. Ek haal my hoed vir jou vader, Daan Swiegers, af. Hy kry altyd wat hy wil hê. Soethunker is 'n trekpleister. Die dorp het uitgebrei, en waar daar eers slegs twee geboue in hierdie straat gestaan het, staan daar nou 'n stuk of twaalf, en raai, iets wat ek so nooit as te nimmer verwag het nie: Soethunker het sy eie bank .... en twee posroetes lei hierheen. Ons word vernaam, Hermie, en my pasiënte raak meer. Ek kan skaars almal behartig. Wonderlike Daan Swiegers, temmer van die woestyn!"

Hermie lag.

"Moet tog nie dat Vader dit hoor nie, Bert, want dan kry hy dalk 'n geswolle hoof."

"Nie Daan nie, Hermie, nie Daan nie. Daan is 'n groot gees."

Dr. Bert Larsen beweeg terug na sy lessenaar. Hy loop waggelend, want sy linkerbeen is korter as sy regter een. Hermie staar hom agterna. In die jaar wat dr. Bert Larsen hier is, het hy hom leer waardeer en respekteer. Hy is 'n man so na Hermie se hart. Hermie is vinnig met 'n rewolwer, maar hy is nog altyd oortuig daarvan dat Bert 'n gedeelte van 'n sekonde vinniger as hy is. Met skyfskiet wen hy vir Bert - met die geweer sowel as die rewolwer - maar waar snelheid die hoofvereiste is, lyk dit vir hom asof hy nie kers vir Bert kan vashou nie. Hulle het egter nog nie teen mekaar te staan gekom nie en hulle het tog nooit daadwerklik probeer uitvind wie bobaas is in hierdie afdeling nie.

'n Jaar gelede was Soethunker 'n klein gehuggie met slegs die hotel. In hoofsaak het die inwoners toe uit delwers bestaan, delwers wat van ellende vergaan het. Net een uit 'n duisend het 'n geluk gekry, en dan het die gelukkige gewoonlik so gou moontlik die hasepad gekies, met die gevolg dat Soethunker slegs uit arm mense bestaan het. Soethunker het op Daan Swiegers, vyftigjarige vader van Hermie, se grond ontstaan. Daan Swiegers was die enigste man op Soethunker wat iets gehad het. Die geluk het hom te beurt geval om diamante te ontdek. Met hierdie blink klippies het hy beeste gekoop. Hy het van die Koloniale regering kroongrond vir arm boere verkry en hulle gehelp boer. Etlikes het so op hulle bene gekom en ryk geword .... binne 'n jaar. Groot troppe bokke en beeste word uit hierdie kontrei aan Kimberley en Upington gelewer, en die Duitse regering van Suidwes koop ook vee op. Dit is dus die Kalahari en die beeste wat Soethunker laat opskiet het.

Bert klim agter sy lessenaar in en sy oë fonkel ondeund.

"Dit is vir my snaaks, Hermie. 'n Jaar gelede het ons mekaar vir die eerste keer ontmoet. Die ontmoeting was alles behalwe aangenaam. Daar was mense wat Soethunker wou verwoes, maar Daan het steeds tussen hulle en Soethunker gestaan. Daan het hulle oorwin en hy het my oorwin, ek wat destyds al hotkant van die gereg was. En waar ander dorpies hier in die Noordweste deur





boewe geteister word, is Soethunker sonder rampokkers, en tog is hy die welvarendste van al die dorpies. Ek skryf dit hoofsaaklik aan Daan se leierskap en vernuf toe. Hy het almal hier op Soethunker tevrede, Hermie. Hy regeer hulle en hulle het ontsag vir die Temmer. Vreemdelinge stroom daagliks in. Soethunker kry gedurig nuwe bloed, maar dusver het daar nie eintlik onluste plaasgevind nie. Dit is 'n vreedsame uithoekie in die Noordweste, Hermie."

"Jy dweep nou net soos Vader met Soethunker, Bert, maar ons moet nie te gerus wees nie. Onthou goed, 'n week gelede het rowers die poskoets in die kloof aangeval en geld en briewe gebuit. Ons moet nie te gerus wees nie."

"Aha, maar jy vergeet dat die aanval op die koets agttien myl van hier af plaasgevind het. Dit is sekerlik nie mense van Soethunker wat vir daardie rooftog verantwoordelik is nie."

"Ek is nie so seker daarvan nie. Hier is nog eienaardige karakters op die dorp, veral daar langs die Grootrivier op die kleims. Ek vertrou hulle net sover as wat ek hulle in die oog kan hou."

Bert staan weer agter sy lessenaar op.

"Tog, Hermie, verstaan jy wat ek bedoel. Soethunker is anders as ander dorpies. Ons kom hier so goed met mekaar klaar. Daan het elkeen op sy plek. Hy het 'n houvas op die mense. Hulle dien hom almal. Hy het hierdie spreekkamers vir my laat bou. Hy het vir jou 'n taak gegee wat jou volop aksie verskaf, omdat jy van aksie hou, en elkeen skyn tevrede te wees."

"Persoonlik dink ek dit is omdat hy die mense vol stop. Die meeste het nie net grond present gekry nie, maar ook die vee daarop, en hy het manne gekommandeer om die huise te bou. Ja, hy het net bietjie georganiseer en die stelling toegepas dat werk gouer verrig word as die een hand die ander was. Die mense moet dus tevrede wees omdat hulle te veel present gekry het. Wag maar totdat daar nie meer 'n Daan is wat so goed vir hulle is nie. Wat my betref, dink ek dat Vader hulle vertroetel. Ek sou dit nie doen nie."

Bert kyk sy maat stip aan met daardie deurdringende bruin oë van hom. Hy glimlag effens.

"Wel, Hermie, ek weet net dat dit Daan is wat die mense so bymekaar hou, wat die vrede bewaar. Ek sal dit nie regkry nie en jy ook nie. Daarom sê ek Daan is 'n leier, en as hy moet wegval .......

wel, ek wil nie eintlik daaraan dink nie."

Hermie gaan staan teenaan die venster en tuur na buite. Baie mense loop heen en weer, kapkarre rammel verby en Solly verkoop nog suiker en rys en koffie op die hoë stoep voor sy winkel.

Hermie se voorhoof is op 'n frons getrek. Buite sien hy vir Reinette Jancke by Faas Stonk, die drywer van die koets wat so pas voor die poskantoor stilgehou het. Hermie byt 'n slag op sy lip en sy hart gee so 'n paar spronge. Dit voel vir hom dikwels asof hy nou nog op Reinette verlief is, of hy haar nog nie afgegee het nie. Dadelik is die gesprek van 'n paar minute gelede uit sy gedagte, en nou is hy weer besig met die verlede - die verlede saam met Reinette met haar blou oë en blonde hare, hare wat byna 'n rooi tint het.

Reinette Jacke! Hy het werklik eenmaal geglo dat hulle vir mekaar gemaak is. Hy ken haar reeds van sy sestiende jaar af, en hy is nou een-en-twintig. 'n Jaar gelede het hy vir die eerste keer agtergekom dat sy nog werklik nooit ten volle syne was nie, want met die koms van Bert Larsen was dit of sy hom afgesterf het, vinnig afgesterf het. Sy kon net so wel koel en berekenend gesê het. "Ek is jammer, Hermie, maar ek en jy is soos broer en suster. Ek hou van jou en ek het jou lief .... soos 'n broer. Daan, jou vader, is reeds vier jaar lank ook my vader, my voog." Vir 'n jaar lank het dit vir hom gelyk asof sy doodverlief is op Bert, maar nou, vir die afgelope vier maande, is dit Faas, hoewel sy ontken dat hulle dit ernstig bedoel. Maar sy weet presies wanneer sy koets inkom, en sy ontmoet hom gereeld daar voor die poskantoor. Ook nou weer is dit kamtig 'n blote toeval dat sy net gaan pos haal het toe die koets stilhou! Daar kom 'n verbitterde trek op Hermie se gelaat. Soos sy nou daar in die son by Faas staan, lyk sy so vars, so aantreklik met 'n ryk glans in haar hare.

Hermie voel Bert se asem hier in sy nek, en hy weet dat die jong geneesheer, met skaars agt-en-twintig somers agter sy rug, hier by hom verbykyk na die toneeltjie daar voor die poskantoor.

Hermie lag sinies.

"Nou ja, dit is al weer so, Bert. Lyk my Reinette se toeval bring haar altyd op die regte tyd by die poskantoor, nie waar nie?"

Bert antwoord hom nie. Hy kyk na Bert. Daar is geen uitdrukking op sy gelaat wat sy emosies kan verraai nie, maar hy weet goed





dat Bert haar innig liefhet. Hy is net te groot en sterk om dit te wys.

Hermie word onverskillig, maar dit is juis om 'n soort verbittering te verberg.

"Dit lyk my asof sy nie vir jou nie en ook nie vir my gemaak is nie, Bert. Sy is iemand met baie harte ....."

Bert Larsen kyk gesteurd na sy jonger maat.

"Ek dink jy is te kras, Hermie. Sy is nog jonk en sy is die mooiste en gaafste meisie wat ek nog ooit ontmoet het. Dit is net dat sy nog geen ervaring met mans het nie. Sy is die onskuld self. Ek neem haar dit ook nie kwalik dat sy van Faas Stonk hou nie. Kyk daardie breë skouers van hom. Hy staan maklik ses voet twee duim. Hy is 'n toonbeeld van manlikheid ...."

"Ja, sover dit sy liggaamsbou betref, maar wat van sy karakter?"

Bert beduie vir Hermie met sy vinger.

"Jy is te gou met jou oordeel, Hermie. Ons kan niks oor sy karakter sê nie. Hy drink nie, hy rook nie en sover ek en jy weet, is hy die beste koetsdrywer wat ons nog ooit gehad het. Daar is stories dat hy 'n vrou in Upington het, maar dalk is dit net stories. Jy weet hoe mense soms praat."

Hermie skud sy kop.

"Ek hou nie van hom nie, Bert. Eers was ek seker van Reinette, maar toe ontmoet sy jou, en vir 'n man soos jy neem ek te eniger tyd 'n tree agteruit, maar vir Faas! Ek hou nie van Faas met sy mooi gesiggie en sy steil blonde hare nie. Ek kan nie begryp wat Reinette in hom sien nie. Eerlik, ek dink Reinette is wisselvallig."

"Stadig, .... stadig, ou Hermie. Ek dink weer jy is nog jaloers. Ek dink jy het Reinette in hierdie jaar nog nie afgesterf nie."

Hermie bloos en hy kyk vinnig na buite waar Reinette en Faas nog steeds staan en praat. Faas gaan altyd geklee in 'n swart hemp en swart broek. Hy het 'n swart breërandhoed wat hy nou in sy linkerhand hou, en die klein kort swepie in sy regterhand klap telkens soos hy die grond spelerig hier langs hom piets. Sy moue is hoog opgerol en die spiere speel lewendig op sy voor- en bo-arms. Hermie moet dit erken: Hy het Reinette nog nie afgesterf nie. 'n Jaar lank was sy eintlik so half en half Bert s'n. Hy het hom daarby probeer aanpas en hy het dit reggekry omdat hy Reinette respekteer

en omdat hy van Bert hou. Bert het vir hom in hierdie jaar wat agter lê, soos 'n broer geword. Hulle gaan saam op ekspedisies uit om die boere van raad te bedien, om kleim veediefstalle te ondersoek. Hy en Bert.

"Jy is 'n snaakse een, Bert. Jy praat soos 'n fatalis. Beteken dit vir jou niks as jy hulle so sien staan en praat nie? Sy is tog jou nooi."

Bert skud sy kop heftig.

"Dit is waar jy verkeerd is, Hermie. Sy is nie my nooi nie. Ek het haar gevra," maar sy het nie ja of nee gesê nie. Ek weet baie goed, Hermie, dat sy my nie lief genoeg het om ja te sê nie. Laat ons dus grootmense wees. Sy hou blykbaar meer van Faas as van ons twee. Laat ons daarby berus."

"Ek glo nie sy het Faas lief nie. Ek glo dat sy net dink dat sy hom liefhet, soos sy gedink het dat sy jou liefhet."

"Dit is reg, Hermie. Miskien soek sy nog."

Hulle kyk albei weer na buite. Reinette staan óp die hoë stoep van die poskantoor en Faas staan onderkant haar met sy breë skouers. Hulle kyk mekaar reg in die oë, en ineens sien hulle hoe dat hy sy een hand uitstrek en dit om haar middel laat gly. Hy lig haar die volgende oomblik maklik op en tel haar van die hoë stoep af. Hy sit haar hier by hom neer, en hulle hoor haar uitgelate gelag. Dan stap die twee hand in hand na die koets. Die mense is nog steeds besig om goed van die koets af te laai. Die beswete perde staan geduldig en wag dat hulle moet klaar maak.

Hermie merk dat Faas kop en skouers bokant die ander mense uittroon. Reinette se kop kom gelyk met sy skouers. Hulle lag nou heerlik oor iets terwyl die meisie die neus van die hot-voor perd streel. Dit is 'n pragtige swart hings.

Swygsaam staan Bert Larsen en Hermie langs mekaar by die venster. Elkeen is besig met sy eie gedagtes, en Hermie wonder of Bert vandag ook so somber voel soos hy; of Bert ook, soos hy, vervul is met jaloesie. Bert het nog nie gesê of hy van Faas Stonk hou of nie. Hy wens hy het geweet hoe Bert oor Reinette voel. Het Bert haar ooit liefgehad? Vir hom het dit altyd so gelyk, maar hy moet sê dat Bert nooit openlik erken het dat hy Reinette bemin nie. Hier het hy nou net terloops erken dat hy haar gevra het om sy nooi te





wees, maar hy het dit met so 'n omt'-ewe-houding gesê, sonder daardie kenmerkende bitterheid wat tot uiting kom wanneer 'n man se hand in die as geslaan word.

Ineens word die gedreun van stemme 'n geskree. By die poskantoor vlug die mense holderstebolder en twee seuntjies hardloop dat hulle so klein word oor die stofstraatjie. Daar is 'n hees gerunnik van perde en hoefslae wat donderend opklink. Voor die hotel gil 'n klompie vroue toe ses skuimbekkende perde met 'n poskoets mal in die straat afjaag.

Hoenders en honde laat spaander voor die galopperende pote uit, en 'n klonkie moet haastig oor die vaal aarde heen duik om onder die klappende hoewe uit te kom.

"Die perde hardloop weg! Hier is iets leliks aan die gang, Hermie! Kom ons gaan kyk!" skree Bert en hy glip deur toe, swaai dit die volgende oomblik oop en wip na buite met Hermie kort op sy hakke.

Die koets word met 'n vaart om die draai geruk, en 'n man wat voor op die drywer se bankie sit, skree histeries:

"Hulle het ons aangeval! .... Die geld is weg! .... Fritz is dood!'

Toe die koets hier by hulle verbyruk, sien Hermie dat daar bloed aan die man se wit hemp is. Hy weet dadelik dat die koets weer aangeval is.

Mense spaander nog steeds voor die jagende perde uit en almal skree tegelyk dat iemand die perde moet probeer keer. Hermie wip dadelik op sy appelblouskimmel, Dapper, wat voor Bert se spreekkamers aan die haak vasgestaan het, en sit die jagende perde agterna. Daar is egter alreeds een man voor hom. Dit is Faas Stonk op 'n swart perd wat hy daar voor die hotel gekommandeer het. Faas is reeds by die voorste koetsperde en het reeds die stang vasgegryp. Die diere runnik angsbevange en rem terug. Faas weet egter wat om te doen, en net voordat Hermie by kom, bring hy die ses skuimbekkende perde voor die koets tot stilstand. Die diere blaas en ruk aan hulle tuie.

"Ho-nou, ho-nou," paai Faas.

Hermie kom nou ook by, en toe Faas hom sien, beveel hy:

"Spring op die koets en draai die rem vas! Vat dan die teuels bymekaar! Daardie ellendige drywer het dit tussen die perde laat

val!"

Hermie vererg hom bloediglik. Hy was van plan om presies te doen wat Faas nou van hom verwag, maar dit steek hom dwars in die krop om bevele van 'n koetsdrywer te ontvang van wie hy glad nie hou nie. Hermie kyk hom kwaai aan, maar spring tog op die drywersitplek. In 'n oomblik weet hy dat Jan de Lange, die een wag wat saam met hierdie koets gestuur is, ernstig verwond is. Sy hemp is die ene bloed en dit lyk of hy 'n koeël deur die bors het. Jan is bleek, maar hy prewel nou aanhoudend:

"Dit was gemaskerde rowers! Dit was 'n bende wreedaards! Hulle het Fritz koelbloedig vermoor!"

Ondanks sy wond bly Jan nog regop sit op die drywersbankie en dit lyk asof hy nog nie besef dat die koets tot stilstand gekom het nie. Hermie raap die leisels bymekaar en bind dit aan die drywer se sitplek-reling vas.

Die mense begin nou om die koets saamdrom. Die meeste weet reeds dat hierdie poskoets gistermiddag van Soethunker weg is en teen hierdie tyd al op Kuruman moes gewees het. Dit is dus vir almal duidelik dat iets ernstigs gebeur het.

Baie hande help nou die gewonde Jan de Lange af. Oom Daan Swiegers kom ook by en hy verwilder die nuuskieriges wat om die koets saamdrom. Faas hou nog steeds die voorste perde vas. Bert het reeds twee manne gekommandeer wat die gewonde Jan de Lange nou na sy spreekkamers toe dra.

Hermie kyk na sy vader-se gelaat, en hy sien dat daar bekommernis op die Temmer se gesig te lees is. Daan wys vir sy seun dat hy die koetsdeur vir hom moet oopmaak. Binne enkele oomblikke staan albei in die koets, en Daan deins terug toe hy die twee lyke op die sitplekke sien lê. Hermie kan hom hard hoor asemhaal, en dan prewel Daan asof hy met homself praat:

"Ek het van nou die dag af al die voorgevoel dat alles nie pluis is nie. Dit was eenvoudig te goed om aan te neem dat dit altyd so vreedsaam sou toegaan. Hermie, vra die mense om weg te gaan. Dit is beter dat hulle die dooies nie nou sien nie."

Hermie aarsel 'n oomblik. Hy ken hierdie manne. Hulle was altyd in diens van sy vader wat hierdie koetsdiens besit. Die een is Fritz Kriegler, die bekwame koetsdrywer. Die wond om sy voorkop





is gapend, en by nadere ondersoek kan Hermie vasstel dat dit deur 'n rewolwerkoeël veroorsaak is. Die ander een is Roelf Bekker, die wag wat saam met Jan gestuur is om die koets te beskerm.

"Hulle is albei doodgeskiet, Vader," fluister Hermie, "en dit is duidelik wat die rede was. Hierdie koets het vierhonderd pond aan kontant vervoer wat van ons bank afkomstig was."

Daan skop sy kop nadenkend en sy lippe is ferm op mekaar gepers.

"Dit lyk of hierdie rowers presies weet watter koets die geld vervoer. Twee weke gelede is die eerste koets aangeval. Hy het ook geld gekarwei. Die vraag is; hoe het hulle geweet dat hierdie besondere koetse albei geld vervoer het? Of moet ons aanneem dat dit pure toeval was?"

Hermie dink diep na. Hy sien Faas na die koetsdeur toe aankom en hy antwoord:

"Nee, Vader, dit is nie toeval nie. Hier is 'n verraaier in ons midde."

Faas ruk die deur oop, en nuuskierige mense probeer agter hom inklim. Hy verhinder hulle egter met sy sterk liggaam.

"Grote Griet! Wat ....? Moet nie vir my sê hulle is dood nie! Arme Fritz, en Roelf ook! Wie de duiwel se werk is dit?"

Hy kyk Daan vraend aan met sy deurdringende blou oë. Hermie hou hom met wrewel dop. Snaaks, op hierdie een oomblik het hierdie man vir hom haatliker geword as ooit tevore. En tog het hy geen rede om 'n ewige renons in hierdie man te hê nie. Al rede is miskien die feit dat Reinette voorkeur aan hom gee.

"Dit is ons taak om uit te vind wie hierdie duiwel is, Faas," gee Daan antwoord. "En ons sal gou moet uitvind, want hulle sal al hoe astranter word as ons nie gou met hulle gal werk nie."

Die mense loer nuuskierig by die koetsvensters in, en diegene wat reeds die lyke bespeur het, gil en blaker dit almal uit. Oom Daan Swiegers leun by die koetsdeur uit en praat in 'n luide en gebiedende stem, maar tog in 'n beleefde trant:

"Nee, mense, ek vra julle mooi om pad te gee. Dit kan geen goeie doel dien as julle hier nuuskierig rondstaan nie. Ek sal julle laat weet presies wat gebeur het. Nou kan ek net sê wat julle almal reeds geraai het. Die koets is aangeval en beroof en twee manne is dood-